



eduresourceza.com



DONKER WEB KONTEKSTUEEL HOOFSTUK 15-25: 16 SEPTEMBER 2023
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12

EKSAMINATOR:	ERWEE	PUNTE:	30
MODERATOR:	BELLUIGI	TYD:	1 periode

NAAM & REGISTERKLAS:

ONDERWYSERES:

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 2 vrae.
3. Beantwoord AL die vrae in Afrikaans.
4. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestel.

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

- Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
- Let op die puntetoekenning by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die paragraaf in Vraag 2 neer.

[Google Images]



Lees telkens die uittreksels en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

VRAAG 1

Dan lig hy sy ken effens op en ek vang die flits van 'n oog in die binnekant van 'n hoodie.

My asem stol koud in my keel.

Dit is hy!

Hy is terug! Die gedagte tref my soos 'n vuishou.

_ moet weet dat ek hom herken, want meteens draai hy om en hol met die sypaadjie af. Bl.96

- | | | |
|-----|--|---|
| 1.1 | Na wie word daar in bogenoemde uittreksel verwys? | 1 |
| 1.2 | Wat is Greg se onmiddellike en instinktiewe reaksie op hierdie insident? | 1 |
| 1.3 | Noem enige 2 historiese plekke / geboue wat in die daaropvolgende jaagtog genoem word. | 2 |
| 1.4 | Na die insident gaan drink Greg 'n bier saam met Plank om sy opinie oor sy planne te vra. Wat is Plank se opinie oor die uiteinde van Greg se planne om die Baker te probeer vind en watter raad het hy vir Greg daaroor? | 2 |
| 1.5 | Terug by sy woonstel is Greg verskriklik moeg maar hy moet studeer . Hoe los hy sy probleem op? | 1 |
| 1.6 | Na twee-uur in die oggend ontvang Greg 'n selfoonboodskap . Weet hy sonder twyfel wie die sender is? Wat presies is die boodskap ? | 3 |

- 1.7 Pas die **feite** in kolom B by die **karakter** in kolom A. Skryf slegs die **vraagnommer** en die **letter** neer.

Kolom A	Kolom B
1.7.1 Lisa	A. Vroueslaner
1.7.2 Tom	B. Bedreig Greg se pa se veiligheid
1.7.3 Julian Carolus	C. Geharde oud-polisieman
1.7.4 Onbekende man in aanhoudingselle	D. Is wreed vermoor
1.7.5 Oom Dirk	E. Plank se hartedief

5

[15]

VRAAG 2

Het jy die vid op my SFTP server gelaai?

'n Anonieme SFTP server, hoor ek weer hoe Xander verduidelik, is die plek waar hackers soms hulle programme bêre.

Die video van Tom?

Nee. 'n Ander vid.

Ek het net die video op jou blog gesit. Jy't dit gesien?

Ja, maar daar is nog 'n vid.

Bl. 109

- 2.1 **Waaroor** het hierdie **tweede** video basies gehandel? 2
- 2.2 Wie was die **meesterbrein** agter die behandeling wat die slagoffer ontvang het? 1
- 2.3 Wat was die **rede** waarom die slagoffer so sleg behandel is? 2
- 2.4 Wie is volgens **Xander** heelwaarskynlik die persoon wat die video **aangestuurt** het? 1
- 2.5 Watter **goeie gevolg** het die Telegramgesprek met Xander toe vir Greg ingehou? 1

Ek gaan vir jou twee pakkies stuur.

Net dit. Geen verdere verduideliking nie. Toe ek weer sien, verdwyn ons hele gesprek van Telegram af. Die video ook.

Bl. 114

- 2.6 Wat was die **inhoud** van die **eerste pakkie** en wat was die **probleem** daarmee? 2
- 2.7 Wat was die **belangrikste item** in die **tweede** pakkie? 1
- 2.8 Skryf 'n kort **paragraaf (90-120 woorde – dui die woordtelling aan)** waarin die volgende kolpunte aangespreek word:
- Watter **instruksie** gee Xander aan Greg aangaande die inhoud van die tweede pakkie? 1
 - Stem** Greg in om te doen wat Xander vra? 1
 - Greg het 'n **plan** beraam om Xander te **flous**. **Verduidelik**. 2
 - Wat was die **beloning** wat **Chloe** vir haar aandeel in die saak kon verwag? 1

[15]

TOTAAL: 30 PUNTE